# Avontuur na St Lucia & die Draak

## 10-dag reis deur die Kruger, Eswatini, St Lucia en die Drakensberge

DAG 1: Ons vra asseblief dat almal reeds vanaf 04:30 gereed sal wees sodat ons teen 05:00 reeds in die pad kan val. Vanaf Town Lodge - Menlo Park reis ons via Nelspruit na Malelane waar ons reeds die namiddag in die Kruger Nasionale Park 'n draaitje gaan ry. Wanneer ons terugkeer gaan ons vir 2 nagte by Rio Vista Lodge oornag.

*Ingesluit: Aandete*



DAG 2: Na 'n heerlike ontbyt gaan ons die dag in die Kruger Nasionale Park spandeer. Ons sal by verskillende rusoorde stop om bene te rek tussen al die diere kyk deur.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 3: Ons volgende stop is in die Koninkryk van Eswatini. Na ons vertrek uit Malelane, steek ons die grens oor. Van hier gaan ons na Hlane Royal Nasionale Park waar ons die aand oornag.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

*Toegangsfooi ingesluit: Hlane Royal Nasionale Park*

DAG 4: Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons weer terug na Suid-Afrika om buite Hluhluwe by Ezulwini Game Lodge te oornag.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 5: Ná 'n fantastiese tyd by Ezulwini Game Lodge vertrek ons na St Lucia waar ons vir die volgende drie nagte gaan bly. Indien die tyd ons toelaat sal ons deur Hluhluwe-iMfolozi ry. Teen sonsondergang gaan ons as 'n groep, 'n bootvaart onderneem om die vele krokodille en seekoeie van die vleilande te sien.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

*Toegangsfooi ingesluit: Hluhluwe-iMfolozi*

*Aktiwiteit ingesluit: Bootvaart*



DAG 6: Ons volgende hoogtepunt vir die toer is beslis die vleiland van iSimangaliso en Cape Vidal. Ons vertrek na ontbyt om die park, sy wildlewe, besondere voëllewe en die kuslyn te gaan verken.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

*Toegangsfooi ingesluit: iSimangaliso*

DAG 7: Vandag geniet ons toerlede 'n dag af in St Lucia en kan rustig by die lodge bly, of aan aktiwiteite in die dorp deelneem ('n lys van aktiwiteite sal voorsien word).

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

Namakwa toere

GOING ADVENTURE ON AN

***Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.***

DAG 8: Ná nog 'n ontbyt vertrek ons na die land van die Draak. Die magtige Drakensberge met sy passe en natuurskoon is werklik iets om te aanskou. Ons oornag vir die volgende twee nagte by Hlalanathi in die noordelike Drakensberge.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 9: Vandag lê ons besoek af aan die Royal Natal Nasionale Park.

*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

*Toegang: Royal Natal Nasionale Park*

DAG 10: Vir die laaste keer op die toer geniet ons 'n heerlike ontbyt saam voor ons koers kry terug na Pretoria. Ons reis via die Sterkfonteindam en Herrismith om teen middag in Pretoria aan te kom.

*Ingesluit: Ontbyt*



